

SARS verbind tot verhoogde gebruik van data vir handelsbekwaamheid

Tshwane, 26 Januarie 2022 - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), mnr. Edward Kieswetter, het die SARS Doeane-afdeling verbind tot die versterking van digitale transformasie en die verhoogde gebruik van data om die fasilitering van handeldryf, inkomste-invordering en nakoming deur handelaars, wat goedere oor Suid-Afrika se grense heen invoer en uitvoer, te verbeter.

In sy toespraak op Internasionale Doeanedag, wat jaarliks op 26 Januarie gehou word, het mnr. Kieswetter gesê dat digitale transformasie en die verhoogde gebruik van data ook nodig is om die toename in gesofistikeerdheid van georganiseerde misdaad te bekamp en die toenemende volume en kompleksiteit van internasionale handeldryf beter te bestuur.

Die kommissaris het verslag gegee oor Doeane se moderniseringsprogram, wat van digitale transformasie en die data gebruik maak, wat geleei het tot 'n verbetering van 22% in die gemiddelde saakfinaliseringstydperk teen Desember 2021; voorryngrypings het afgeneem van 'n gemiddeld van 109 ure in Maart 2020 tot 38 ure teen Desember 2021; en die stopkoers vir gemagtigde ekonomiese operateurs het afgeneem met 86% wat besparinge in koste en tyd tot gevolg het.

"Ons het ons risiko-gebaseerde ingrypings verbeter om onwettige handeldryf na te spoor en te ontmoedig, met 'n gemiddelde sukseskoers van 54% teen einde Desember 2021, wat 'n addisionele R2 miljard in inkomste tot gevolg gehad het.

"Teen Desember 2021, het SARS Doeane die waarde in beslagleggings meer as verdubbel vergeleke die vorige jaar, van R1.5 miljard tot R3.5 miljard, wat dwelmmiddels, klerasie en tekstiele insluit."

Die SARS-kommissaris het gesê dat verskeie ander inisiatiewe, gevestig op die gebruik van data en die uitbreiding van die data-ekostelsel, beduidende vordering maak as deel van die slim-grenskonsep.

"Ons is tans besig om die nommerplaatherkenningsstelsel by Beitbrug bekend te stel met behulp van sleutel-belanghebbendes soos die vragvereniging en die tegniese diensverskaffersvereniging. Meer as 99% van alle oorgrense trokmanifeste word nou elektronies aan SARS deurgegee voor die trok se aankoms by die grens, wat die trok se registrasiebesonderhede insluit."

Die kommissaris het gesê dat om selfs verdere praktiese voordele aan handelaars te bied en nakoming te verbeter, word die *Single Window*-platform inwerkinggestel, in samewerking met Transnet. Die platform stel seevragvervoerders in staat om verslae eenmalig in te dien aan beide eintlike en sodoende hawe-bekwaamhede te verbeter.

Die inwerkingstelling in samewerking met Transnet sal gevvolg word deur 'n nasionale *Single Window*-platform om handelaars in staat te stel om alle oorgrense dokumente deur 'n enkele toegangspunt aan die regering in te dien en ander grensagente in staat te stel om goedere te besigtig, stop te sit en terug te hou na gelang van landbou-, gesondheids- en/of veiligheidsbekommernisse.

"Nog 'n projek om onwettige finansiële vloeie te bekamp, bring data van SARS, kommersiële banke en die Suid-Afrikaanse Reserwebank bymekaar," het mnr. Kieswetter bygevoeg.

Hy het gesê dat SARS sy reis begin heens modernisering en die omhelsing van 'n tegnologies-bekwame en insiggedrewe kultuur as deel van sy DNA. SARS benodig egter vennootskappe gebou op wedersydse respek, vertroue en 'n verbinding tot die dien van 'n weier publieke belang.

Vir meer inligting, kontak SarsMedia@sars.gov.za.